higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

8 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

NC(O)

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskillende opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die wet van voorsiening stel dit dat wanneer die prys van 'n produk verhoog word, die hoeveelheid wat voorsien is, …

A konstant bly.
B verhoog.
C verlaag.
D met die verloop van tyd verander.

1.1.2 Die fisiese omgewing funksioneer nie in isolasie nie; dit is geïntegreer met die …

A sosiale omgewing.
B ekonomiese omgewing.
C tegnologiese omgewing.
D almal van die bogenoemde.

1.1.3 'n … betalingsbalans dui aan dat ons uitvoere ons invoere oortref.

A Negatiewe
B Positiewe
C Afwaartse
D Horisontale

1.1.4 Werkloosheid verwys na …

A besoek aan 'n ander land.
B weersin teenoor vreemdelinge.
C onsuksesvol aktief ondkyk vir 'n ander werk.
D studeer vir jou toekomstige loopbaan.

1.1.5 In die bestuur van die besigheid, sal die bestaan van … die verbetering van goedere en dienste toelaat.

A wetlike magte
B kultuur
C tegnologie
D inflasie

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Wanneer die uitvoere invoere oortref, is die betalingsbalans …

A positief.
B afwaarts.
C ongunstig.
D gunstig.

1.1.7 Watter EEN van die volgende kragte sal veranderinge in die gemeenskap skep?

A Markkragte
B Wetlike en politieke kragte
C Fisiese faktore
D Sosio-ekonomiese kragte

1.1.8 Die koers wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank teenoor kommersiële banke gehef word, is die … koers.

A wissel
B rente
C repo
D allokasie

1.1.9 … dui op 'n verhoogde vlak van ekonomiese aktiwiteit.

A Uitbreiding
B Trog
C Spits
D Kontraksie

1.1.10 Van watter department was Ministers Pravin Gordhan en Mcebisi Jonas ontslaan toe hulle so in die nuus was?

A Sport, kuns en kultuur
B Finansies
C Handel en nywerheid
D Veiligheid en sekuriteit

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die woord(e) in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sikliese veranderinge	A	Brian Molefe, voormalige Eskom HUB
1.2.2	Handelsblok	B	besigheid bedryf in 'n internasionele mark
1.2.3	Vraaginflasie	C	wanneer totale besteding in die ekonomie vinniger groei as die produksie
1.2.4	MIV/VIGS	D	aanvraag voldoen aan aanbod
1.2.5	Ontbossing	E	rentekoerse
1.2.6	Globalisasie	F	gewoontes, geloof en leefstyl van 'n groep mense
1.2.7	Nuuswaardig	G	Menslike immuniteitsgebreksvirus/ Verworwe immuniteitsgebrek-sindroom
1.2.8	Binnelandse handel	H	afkap van bome sonder om hulle te herplant
1.2.9	Kultuur	I	bedryf handel binne die grense van 'n land
1.2.10	Ewewigsposisie	J	groep lande wat deur handels-ooreenkomste verenig is

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die beste alternatief wat laat vaar is, word geleentheidskoste genoem.

2.2 Om in staat te wees om beter besluite te neem en 'n beter landsburger te word, is 'n goeie rede om ekonomie te bestudeer.

2.3 Die feit dat my ouma haar geld onder die bed bêre, is 'n goeie voorbeeld van die gebruik van geld as 'n standaard van uitgestelde betalings.

2.4 Minister Fikile Mbalula is as die nuwe Minister van Finansies aangestel.

2.5 Doeane en aksynsbelastingterugbetalings is 'n vorm van aansporing vir uitvoere.

2.6 Die draaipunt voordat 'n uitbreiding begin, is die piek.

2.7 Petrol is 'n voorbeeld van halfduursame goedere

2.8 Koste-inflasie vind plaas wanneer aanvraag vir goedere en dienste baie vinniger as produksie toeneem.

2.9 Steenkool is 'n voorbeeld van 'n niehernubare natuurlike hulpbron.

2.10 Proteksionisme is die teenoorgestelde van vryhandel.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A 30

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Motorreus in nuwe ooreenkoms met BCM

Buffalo City Metroraad het toegestem tot 'n nuwe vennootskap tussen die stad en die reuse motorvervaardiger, Mercedes-Benz South Africa, in 'n poging om werk te skep en ekonomiese groei in die streek te stimuleer.

[Source: Daily Dispatch 24 April 2017]

3.1 Werkskepping vermeerder die balastinginkomste vir die regering:

3.1.1 Watter belastinginkomste word deur die motorvervaardiger Mercedes-Benz South Africa gegenereer? (1)

3.1.2 Noem TWEE ander vorme van belasting wat hulpbronne vir die Suid-Afrikaanse regering is. (2)

3.1.3 Watter effek het 'n toename in belasting op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (3)

3.2 Verduidelik kortliks VIER oorsake van werkloosheid. (4 × 2) (8)

3.3 Verduidelik kortliks hoe die vennootskap tussen Buffalo City Metroraad en Mercedes-Benz die mense wat in daardie streek bly, tot voordeel kan strek. (6)

3.4 Verduidelik TWEE konsekwensies waarmee Buffalo City Metroraad te doen sal kry as Mercedes–Benz sou besluit om die ooreenkoms tot niet te maak. (4)

3.5 Watter effek het inflasie op verbruikers? (3 × 2) (6)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

JONAS: NUWE POLITIEKE LEIERSKAP NODIG OM EKONOMIE TE RED

'n Verandering in politieke leierskap mag net wees wat Suid-Afrika nodig het om die ekonomie te red, sê die voormalige Adjunk-minister van Finansies, Mcebisi Jonas. Hy verduidelik dat staatsbeheerde ondernemings effektiewe rolle te speel het in die ekonomie, maar dat daar geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupsie moet wees nie.

[Source: *www.fin24.com.]*

4.1.1 Verduidelik die konsep *korrupsie*. (2)

4.1.2 Noem TWEE voorbeelde van korrupsie wat tans in Suid-Afrika aan die gang is. (2)

4.1.3 Verduidelik hoe korrupsie die Suid-Afrikaanse ekonomie affekteer. (3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik die volgende politieke situasies wat die ekonomie van 'n land kan beïnvloed:

4.2.1 Onstabiele politieke situasie (2)

4.2.2 Stabiele politieke situasies (2)

4.2.3 Sou jy saamstem of nie saamstem nie met die voormalige minister se siening van Suid-Afrika se politieke situasie? (4)

4.3 Onderskei tussen die formele en informele sektor en noem 'n voorbeeld van elk. (4)

4.4 'Vise president van die Sentrale bank, Francois Groepe, sê dat die stand van Suid-Afrika se monetêre beleid akkommoderend bly en sy strammerwordende siklus sou meer aggressief gewees het, sou ekonomiese groei sterk gewees het'.

4.4.1 Verduidelik die konsep '*monetêre beleid'* in jou eie woorde. (2)

4.4.2 Wie is die huidige President van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank? (2)

4.4.3 Noem VIER funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

SJINA SE GROOT BELEGGINGS IN AFRIKA IS NIE SONDER UITDAGINGS NIE

Alhoewel Sjina Afrika se grootste infrastruktuurfinansier met 40% jaargroei in buitelandse direkte investering ('FDI') op die kontinent is, is die land se betrokkenheid nie sonder uitdagings nie, volgens 'n nuwe verslag deur McKinsey Africa.

Sjina se betrokkenheid plaas druk op plaaslike maatskappye. Die staal-maatskappye in die besonder is onder druk van 'n ineenstorting aangesien plaaslike produseerders sukkel om met invoere vanaf Sjina te kompeteer. Daar is beskuldigings dat Sjinese staalprodusente betrokke is in 'dumping' wat beteken die verkoop van uitvoere teen pryse wat laer is as wat van die plaaslike kliënte gevra word en onder die koste van produksie.

[Source: *www.fin24.com*]

5.1.1 Verduidelik kortlkiks die verskil tussen *direkte belegging* en *portefeuljebelegging*. (4)

5.1.2 Verduidelik hoe invoere uit Sjina druk op lokale maatskappye uitoefen. (6)

5.1.3 Verduidelik die belangrikheid van die invoer van goedere en dienste vanaf Sjina op die plaaslike ekonomie. (4)

5.1.4 Noem TWEE redes waarom 'dumping' nie goed is vir die ekonomie nie. (2)

5.1.5 Verduidelik DRIE maatreëls wat in plek gestel kan word om uitbuiting deur lande soos Sjina te vermy. (6)

5.2 'Cosatu het met stakings teen korrupsie gedreig, vir die kernprojek om op ys geplaas te word en teen staatskaping wat die rewolusie teen die sluiting van steenkoolmyne gekompromiteer het.'

5.2.1 Identifiseer TWEE groepe mense wat waarskynlik deur die stakings geraak gaan word. (2)

5.2.2 Wat se impak het stakings op die sakesektor? (6)

[30]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die tabel hier onder en beantwoord die vrae.

PRYS (IN RAND)	FIRMA A	FIRMA B	FIRMA C	MARK VOORSIENING
60	40	35	30	(a)
80	50	40	39	(b)
100	54	48	42	(c)
120	58	50	56	(d)
200	65	58	60	(e)

6.1.1 Bereken die markaaanbod op elke prysvlak (a–e). (5)

6.1.2 Gebruik die inligting van hier bo om die markaanbodkurwe te trek. (5)

6.1.3 Watter EEN van die firmas (voorsieners) hier bo toon vertroue in die mark? (1)

6.2 Noem VIER soorte van niehernubare natuurlike hulpbronne . (4)

6.3 Noem VIER faktore van produksie. (4)

6.4 Noem 'n voorbeeld van 'n mobiele telekommunikasienetwerkbediener. (1)

6.5 Verduidelik hoe 'n toename in bevolkingsgrootte 'n impak op besigheid kan hê. (6)

6.6 Identifiseer VIER dienste van die staat wat vanweë verstedeliking hoog in aanvraag kan wees. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GRAOOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou